



KLEIN VERSKILLE MAAK SAAK MET VILLA GLIFOSAAT PRODUKTE

Ons dink nog dikwels aan byvoegmiddels as effektiwiteit-verbeteringsprodukte. Dit is 'n foutiewe persepsie omdat dit eerder as effektiwiteit-regstellende produkte beskou moet word. Alle gewasbeskermingsprodukte (GBP) het 'n sekere potensiaal wat dit onder optimale omgewingstoestande kan bereik. Ongelukkig is omgewingstoestande selde optimaal, daarom bereik GBP nooit hul ware potensiaal nie. Byvoegmiddels word gebruik om te verseker dat GBP meer van hul potensiaal bereik en om genoegsame beheer te verseker.

In die onderstaande gedeelte gaan twee produsente met verskillende strategieë oor byvoegmiddels met glifosaat bespreek word.

Produsent 1

Produsent 1 verstaan dat glifosaat deur harde en brak water benadeel word en dat ammoniumsulfaat, selfs in lae soutinhoudwater, voordelig vir glifosaat is. Daarom gebruik hy 'n kwaliteit ammoniumsulfaat byvoegmiddel.

Hy is ook bewus daarvan dat bedekking krities belangrik is en hy gebruik die korrekte watervolume en 'n neerslaghulpmiddel.

Verder verstaan hy dat sekere olie-byvoegmiddels antagonisties teenoor glifosaat is en gebruik dus net benatters, indien nodig, vir addisionele bedekking, verspreiding en opname.

Deur sy byvoegmiddels slim te kies, verseker Produsent 1 dat glifosaat meer van die potensiaal bereik en daardeur verseker hy effektiwe onkruidbeheer.

Produsent 2

Produsent 2 besluit om nie die antagonistiese soute in water aan te spreek nie en hy gebruik nie 'n ammoniumsulfaat byvoegmiddel nie. Daardeur verloor hy dalk 7% effektiwiteit. Hy gebruik ook nie 'n neerslaghulpmiddel nie en besluit om 'n antagonistiese oliebyvoegmiddel vir behoud,

verspreiding en opname te gebruik.

Omdat hy hierdie verkeerde besluite geneem het, mag hy dalk nog 8% effektiwiteit inboet. Produsent 2 het daarom dalk 'n totaal van 15% van die glifosaat potensiaal verloor. 15% mag dalk nie na baie klink nie, maar dit kan die verskil tussen aanvaarbare en onaanvaarbare beheer beteken. Dit kan ook 'n herbespuiting, met al die kostes daaraan verbonde, vereis. Die 15% verlies aan effektiwiteit is 'n teoretiese getal om 'n punt te illustreer.

Onder swak omgewingstoestande kan hierdie getal selfs nog hoër wees!

Toestande

Hierdie verskille in effektiwiteit as gevolg van byvoegmiddelkeuse is soms nie so ooglopend onder optimale toestande nie. Dit is omdat glifosaat meer vergewingsgesind onder optimale toestande is en die effek van die verkeerde byvoegmiddel keuse nie so sigbaar is nie. Wanneer omgewingstoestande en waterkwaliteit egter swak is, sal foutiewe byvoegmiddelkeuse ontbloot word.

Dit lei dan tot swak onkruidbeheer en 'n hertoediening.

Villa se mening

Die gebruik van die korrekte byvoegmiddels met glifosaat is uiters belangrik. Verkeerde byvoegmiddelkeuse sal onder sub-optimale toestande ontbloot word en dit sal tot swak onkruidbeheer lei. Gebruik die geregistreerde Villa byvoegmiddels om glifosaat te help om die volle potensiaal te bereik. Klein verskille met byvoegmiddelkeuse mag 'n reuse impak op onkruidbeheer hê.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

Maart 2021